

Sing vooraf: Psalm 25:1, 2 (p. 115)

- | | |
|---|--|
| 1 Tot U hef ek hart en hande;
op U, HEER, verlaat ek my;
laat die vyand oor my skande,
oor my val, hom nooit verbly.
Ja, U sal hul nooit verlaat
wat in u vertrou wandel,
maar U dek hul met u smaad
wat hier trouelooslik handel. | 2 Leer my, HEER, u regte weë,
wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë,
om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer,
lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER!
U is ek altyd te wagte. |
|---|--|

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 105:1, 3 (p. 514)

- | | |
|--|---|
| 1 Loof, loof die HEER van alle here!
Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is,
sy daede in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag
van al sy wonders, dag aan dag. | 3 Vra na die HEER der leërmagte,
die HEER oneindig groot in kragte;
soek daeliks sy aangesig;
gedenk die werk deur Hom verrig,
die wonders deur sy hand gedaan,
en wil sy strawwe gadeslaan. |
|--|---|

Geloofsbelydenis Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met
Psalm 6:1 (p. 21).*

Wet

Psalm 6:1 (p. 21)

- 1 Wil my, o HEER, nie straf nie, / wys my in toorn nie af nie,
sien my genadig aan; / laat in my teëspoede
'n alte strenge roede / my nie met gramskap slaan!

Gebed

Psalm 19:7 (p. 84)

- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad
u heil'ge wil weerstreef; / laat nie die sonde my
oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond,
o HEER, op wie 'k vertrou het, / U welbehaaglik wees
wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Skriflesing: Hosea 10

Teks: Hosea 10:12

**Saai vir julle volgens die eis van geregtigheid, maai in ooreenstemming met die
liefde; braak vir julle 'n braakland, want dit is tyd om die HERE te soek, totdat Hy
kom en geregtigheid oor julle laat reën.**
(Hosea 10:12 AFR1953)

'n Tyd van verval onder die kerkvolk word beskryf. Die Here het hulle baie geseën, maar hulle het dit
verkeerd verstaan.

- Hulle het nie in hulle godsdiens die Here gedank vir sy seën oor hulle nie.
- Hoe meer hulle geseën is, al hoe meer altare en klippilare het hulle vir die afgode gebou.
- Hulle het al hoe sterker verheidens – terwyl hulle gedink het dat hulle die dinge wat hulle doen
ook tot eer van die Here gedoen het.

Die Here openbaar in hierdie profesie die valsheid van die gelowiges van daardie tyd.

- Met die lippe het hulle die Here gedien,
- maar met hulle hande en hulle lewens het hulle die Naam van die Here onteer omdat hulle nie die wil van die Here gesoek het nie.

Hy kondig aan dat daar 'n tyd gaan aanbreek wanneer al hulle politieke wysheid en al hulle vertroue op mense en hulle hulp gaan faal en in duie stort. Dán gaan hulle tot insig kom en dán gaan hulle besef dat hulle geen helper of beskermer het nie.

Meteens onderbreek die Here hierdie strafaankondiging en Hy roep die kerkvolk op tot bekering.

- Die Here gebruik 'n beeld: Die lewe is soos 'n land waarop saad gesaai word, en wat 'n groter hoeveelheid saad moet teruggee wanneer dit oestyd is.
- Die Here wys hulle daarop dat daar reëls is waarvolgens mens moet saai as jy iets wil oes.
- Net so moet jou werke en jou lewe in ooreenstemming wees met God se geregtigheid, anders is daar vir jou geen oes nie.

Wat bedoel die Bybel met die woorde **volgens die eis van geregtigheid**?

- Dit is opvallend dat die woord **geregtigheid** in die 1983-vertaling altyd vertaal word met **die wil van die Here**.
- Dit is ook reg, want die eis van die Here is dat ons regverdig moet lewe.
 - Om regverdig te lewe beteken dat ons die wil van die Here moet doen.
 - Ons kan dit ook negatief stel: As ons nie die wil van die Here doen nie, doen ons ongeregtigheid.
 - Ongeregtigheid en sonde is dieselfde ding.

Wat was die fout?

- Die mense het toe al hoe meer altare en klippilare gebou om hulle dankbaarheid te wys vir al die seën wat hulle ontvang het.
- Dit was juis die probleem. Hulle het gedoen wat hulle wou en nie wat God wou nie.

Daar was vantevore al so 'n probleem, want ons lees in 1 Kronieke 15:13 dié woorde:

Want omdat julle in die begin nie by was nie, het die HERE onse God teen ons uitgebreek, omdat ons Hom nie gesoek het soos dit behoort nie.

(1 Kronieke 15:13 AFR1953)

Die 1983-vertaling stel dit so:

Omdat julle dit nie die eerste keer al gedoen het nie, het die Here ons God iemand van ons weggeskeur, want ons het nie op die regte manier na die wil van God gevra nie.

Die rede vir die straf word baie duidelik aangetoon: Omdat die Here nie gesoek is soos dit behoort nie.

- Dit is vir die Here baie belangrik dat Hy net op een manier gedien wil word, en dit is soos wat Hy dit voorskryf.
- Die Heilige Gees het die apostel Paulus al gelei om ons teen hierdie selfde soort van halstarrigheid te waarsku.

Lees maar wat staan daar in Romeine 3:11 geskryf:

Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie.” (Romeine 3:11 AFR1953)

Dit val glad nie lekker op ons ore om te hoor dat daar vir die kerke in die Nuwe-Testamentiese tyd geskryf word dat ons maar dieselfde swakhede in ons het as die mense wat deur die Here doodgemaak is oor hulle verkeerde aanbidding nie: *daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie*

een wat na die wil van God vra nie.

- Dit is die punt waar ons probleme optel. Elke keer as die mens (die kerk) sy eie pad begin loop, en van God af vervreemd raak, word die Here kwaad en tree sy straf in werking.
- Soms lyk die gelowiges se optrede en soeke na die wil van God vir die wêreldmens so onnodig, en hy kan dit net nie verstaan nie.

Jetro was iemand wat aanvanklik nie die Here aanbid het nie. Ons weet dat hy die priester van Mídián was (Eksodus 3:1; 18:1).

- Later, toe Hy Moses se vrou Sippóra en sy twee seuns na hom toe gebring het in die woestyn, wou hy by Moses weet watter sin dit het dat die mense sulke toue staan om hom te raadpleeg.
- Moses het sy skoonpa geantwoord:
Die volk kom na my toe om na die wil van God te vra (Eksodus 18:15).

Uit sy antwoord is dit duidelik dat hulle in enige kwessie het, wou gehad het dat die Here sy wil moes openbaar.

- Moses het vir sy skoonpa vertel dat hy vir almal van hulle, soos wat hulle hom gesien het, die wet van die Here uitgelê het.
- Die beginsel is vir ons baie duidelik en dit geld ons ook. Jy kan die wil van die Here net doen wanneer jy dinge doen soos die Here dit gedoen wil hê (dus: die Here raadpleeg).

Daar is 'n hele paar beginsels wat nagekom moet word as dit vir ons werklik gaan oor die wil van die Here.

- Die eerste een het ons nou reeds vasgestel en dit is om God te gaan raadpleeg dat Hyself sy wil kan openbaar. Hy word baie kwaad as ons Hom dien soos ons wil en nie soos Hy wil nie (1 Kronieke 15:13).
- Die tweede een is aanbidding tydens eredienste.
 - Dit is die geleentheid waar die Here ons wil leer.
 - Die uitspraak van Moses maak dit baie duidelik dat die wil van die Here dieselfde is as sy wet.
 - Die reëls wat God neerlê, moet op elke terrein van die lewe geld.
 - As ons dus die reëls van die Here ken, kan ons dit toepas en sy wil doen. Daarom is erediensbywoning so geweldig belangrik. Die Here sê self dat dit die plek is waar Hy ons sy wil wil leer.

. . . maar die plek wat die HERE julle God uit al julle stamme sal uitkies om sy Naam daar te vestig om daar te woon, moet julle opsoek en daarheen moet jy kom. (Deuteronomium 12:5 AFR1953)

Natuurlik moet die kerkraad op hierdie punt baie streng wees, want hulle moet toesig hou oor die dominee.

- Die oomblik wanneer die predikant dwaal of nie sy preke behoorlik voorberei nie, moet hulle teen hom optree.
- Daar is 'n duidelike uitspraak in die Bybel in 2 Kronieke 15:3 dat die kerk agteruitgaan en God en sy wet verloor wanneer daar nie 'n behoorlike Woordverkondiger is nie: Israel was lank sonder die ware God, sonder 'n priester wat die wil van God bekend kon maak, en sonder die Woord van God.

En daar was baie dae dat Israel sonder die ware God was en sonder 'n lerende priester en sonder wet. (2 Kronieke 15:3 AFR1953)

Daar is ander voorbeelde waar die Here openbaar dat dit goed gegaan het toe die koning elke keer vir die priester gaan vra het wat die Here wil hê dat hy moet doen:

- Hy het na die wil van God gevra gedurende die hele lewe van Sagaria, wat insig in die openbaring van God gehad het.
- In die tyd dat Ussia na die wil van die Here gevra het, het God dit goed laat gaan met hom (2 Kronieke 26:5). Die Ou Vertaling beklemtoon dat Sagaria onderrig gegee het in die vrees van God.
- Die derde eis is dat jou soeke na die wil van God gepaard moet gaan met 'n bekeringslewe.
- Die vierde eis is dat die soeke na die wil van God altyd gepaard moet gaan met gebed (Job 8:5).

In ons tyd is daar 'n baie groot swaai na gevoelsgodsdienste en menslike voorkeure toe.

- Selfs in die verskillende Gereformeerde kerke kom dit voor dat beleving met musiek en baie oppervlakkige sang die nuwe godsdienste van ons tyd word.
- 'n Bekeringslewe verander ook die inhoud van jou godsdienste.

Die Here openbaar hoe 'n bekeringslewe lyk. Hy gebruik koning Josafat as 'n voorbeeld. Josafat se bekeringslewe het gemaak dat hy al die gewyde pale wat in die afgodsdienste deur die volk gebruik is, gaan afbrand het. (2 Kronieke 19 vv.)

Die gewyde pale was 'n godsdienste waarin die Naam van die Here gebruik is, maar al die elemente van die heidense godsdienste ook ingevoer is.

- Josafat het toe heeltemal teruggegaan op die manier van aanbidding soos die Here dit voorgeskryf het.
- Daarvoor het die Here hom geprys.
- Die Here het vir hom laat weet dat daar goeie dinge by hom te vinde is: hy het die gewyde pale in die land verbrand en hom daarop ingestel om na die wil van God te vra (2 Kronieke 19:3).
- Josafat het daarop gereageer:
En Jósafat het in Jerusalem gewoon, en hy het weer uitgegaan onder die volk, van Berséba af tot by die gebergte van Efraim, en hulle laat terugkeer tot die HERE, die God van hulle vaders. (2 Kronieke 19:4 AFR1953)
- Dit beteken dat hy met volk en al kon teruggaan na ware diep godsdienste wat was soos God dit wou hê.

Al hierdie dinge is nie onbelangrik nie, want dit is gekoppel aan ons saligheid.

- Die wilsopenbaring van die Here is altyd aan sy eer vasgemaak.
- Daarom mag ons nie sommer los praatjies daarvan maak deur byvoorbeeld daarop aanspraak te maak dat die Here duidelik aan my geopenbaar het dat ek byvoorbeeld dit of dat moet doen – terwyl dit eintlik is wat ek self graag wil doen nie.
- As sulke handelinge dien om God se eer te verheerlik, is dit goed, anders is dit sonde omdat dit mensgesentreerd is en dien om die mens self te verheerlik.

Ons behoort heelwat verder ontwikkel te wees in ons aanbidding as wat die gelowiges in die Ou-Testamentiese tyd was, want intussen het die Here Jesus kom ly en sterf om ons vry te maak van hierdie sondige beperkinge wat die ou verbond se mense vasgehou het.

Die Here sê: **Saai vir julle volgens die eis van geregtigheid**

- Dis nie net die Israeliete wat met hierdie opdrag misluk het nie – ons het ook!
- Omdat ons nie 'n lewe kan voortbring wat in geregtigheid gesaai is nie, daarom het die Here Jesus vir elkeen van ons hierdie lewe van geregtigheid kom leef.

Die Here sê: **maai in ooreenstemming met die liefde;**

- Die ou gelowiges kon nie hierdie eis regkry nie, want daar was altyddeur haat en konflik en 'n

gebrek aan liefde vir God en hulle naaste.

- Net so lyk ons lewens ook – daar is geen verskil nie.
- Daarom kom leer die Here Jesus ons sy liefde en sterf Hy vir ons onvermoë om werklik te kan liefhê.
- Nou verwag Hy van ons om ook te kan liefhê en vergewe – selfs tot die dood toe as dit moet.
- Dis hoe Hy liefhê verstaan het – Hy het juis uit liefde vir die wat Hom verag en ongehoorsaam is gaan sterf (en selfs aan die kruis vir hulle gebid!)

Die Here sê: **braak vir julle 'n braakland, want dit is tyd om die HERE te soek, totdat Hy kom en geregtigheid oor julle laat reën.** (Hosea 10:12 AFR1953)

- Dit beteken: Begin reg voor. 'n Braakland is 'n nuwe land wat nou vir die heel eerste keer skoongemaak en geploeg word.
- In die Here Jesus moet ons breek met alle sondes en verbittering wat agter lê en skoon oorbegyn.

In die oorbegynproses moet ons nie na ander mense kyk en wat hulle doen (of wat hulle aan ons doen) nie.

- Die Here Jesus het nie na ons gekyk en verwyt nie.
- Hy het net in liefde vorentoe gegaan en vir die wat Hy liefhet gesterf.

Kom ons begin ook op elke plek waar ons lewe stukkend is of waar ons skaaf, reg voor. Ons bou 'n lewe wat net liefde gee, en waarin ons God se regverdigheid uitlewe.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 48:1, 4 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

*Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 3 Junie2007 (oggend)*